

MIDDELLANDSE SEEBOOTVAART Venesië, Kroasië, Montenegro, Santorini, Katakolon 18 – 29 September 2019

Wo 18 JOHANNESBURG

Ons vertrek om **23:15** met **Vlug KL 592** vanaf **Johannesburg** via **Amsterdam** na **Venesië**.

Do 19 AMSTERDAM – VENESIË

Ons land vanoggend om **10:25** in **Amsterdam** en vertrek om **14:25** na **Venesië**. Ná aankoms in Venesië om **16:10** word ons na ons hotel op Lido of Mestre gebring waar ons vir twee nagte bly.

Vr 20 VENESIË

Venesië, 'n stad in water gebou, het meer as 150 kanale en 400 brûe en die stadsverkeer beweeg slegs op water. Ná ontbyt verken ons die stad per waterbus (vaporetto) en te voet. Ons besoek onder andere die St Markus-plein (Piazza San Marco) – die middelpunt van glorie en vermaak. Rondom die plein is al die belangrikste besienswaardighede, soos die kloktoring wat 98 m hoog is en 'n ongelooflike uitsig oor die omgewing bied. Diegene wat kans sien vir die baie trappe van die Doge-paleis, kan dit opsioneel onderneem. Die indrukwekkende basilika (kerk) is reg langsaan.

Venesië is by uitstek 'n kopersparadys. Die bekende Rialtobrug met honderde stalletjies is ook 'n trekpleister. Om net in Venesië oor al die brûe en stegies te stap, is reeds 'n belewenis en die talle winkels en stalletjies bied 'n wye verskeidenheid interessante koopware.

Ons verskaf aan elke toerlid 'n vaporetto-kaartjie wat vir 24 uur geldig is. U kan dus gerieflik op u eie of saam met die groep in die stad rondbeweeg.

Sa 21 VENESIË

Ná ontbyt word ons per bus of boot na ons luukse passasiersboot, die *Rhapsody of the Seas*, geneem vir die begin van ons sewe nagte lange vaart. Venesië vertoon dwergagtig teen die groot skip.

Maak uself tuis in die kajuit en verken die boot. Kyk gerus ook deur al die moontlike opsionele uitstappies en bespreek u plekke indien u dit nie tuis aanlyn gedoen het nie. Volledige inligting oor uitstappies is by die Navrae-toonbank sowel as op die TV-kanaal in u kajuit beskikbaar. 'n Wye verskeidenheid vermaak word gratis aan boord aangebied. Raadpleeg die program wat daaglik uitgedeel word vir inligting oor daaglikse aktiwiteite aan boord.

Ontbyt en middagete word daaglik in die vorm van 'n buffet aangebied. U is vry om te kom en te gaan soos u wil wat hierdie etenstye betref. Tee en koffie is ook deurgaans op aangeduide plekke beskikbaar. Ons geniet aandete saam as 'n groep in die restaurant.

Voor vertrek neem ons aan die verpligte veiligheids oefening deel. Daarna verken en ontspan ons verder aan boord.

Die boot vertrek vanmiddag om **17:00**. Staan gerus op die buitedek sodat u die atmosfeer en bekoring van Venesië kan ervaar en bekende bakens kan sien soos ons op die Adriatiese See wegvaar.

So 22 VENESIË – DUBROVNIK (KROASIË)

Ons vaar heelnag en ontspan vanoggend heerlik op die boot. U kan aan enige van die aktiwiteite aan boord deelneem of rustig langs een van die binne of buite swembaddens ontspan. Daar is ook oorgenoeg sitplek in die pragtige sitkamers wat 'n lieflike uitsig oor die uitgestrekte Middellandse See bied.

Ons meer vanoggend om **11:00** by **Dubrovnik** in Kroasië vas. Daar is tot 19:00 geleentheid om hierdie antieke stad te verken. 'n Begeleide staptoer deur Dubrovnik se ou stad is moontlik. Hierdie interessante ou stad, wat in die 7de eeu gestig is, lê op 'n rotsagtige skiereiland in die helderblou Adriatiese See. Die stad is omring deur massiewe Middeleeuse mure wat uitstekend bewaar is. Binne die mure is onder andere paleise, kerke, 'n breë geplaveide plein, steil klipstrate, en indrukwekkende privaat huise wat eeue lank reeds onveranderd is. Talle winkels, straatkafees en restaurante dra by tot die bekoring van hierdie stad waar die antieke leefwyse in baie opsigte behoue gebly het. 'n Mens kan teen jou eie pas bo-op die ou stadsmuur stap en die ongelooflike uitsig vanaf verskillende uitkykpunte geniet. U moet redelik maklik kan stap en bereid wees om

trappe te klim vir hierdie opsie, maar 'n mens kan natuurlik ook enige tyd omdraai indien nodig! Daar is ook die opsie om 'n kabelrit op u eie te onderneem, wat 'n asemrowende uitsig oor die hele omgewing bied.

Ons boot vertrek om **17:00** na **Kotor**.

Ma 23 KOTOR (Montenegro)

Ons arriveer om **07:00** in hierdie stad in Montenegro en vertrek weer om **15:00**. Kotor is 'n stad ryk aan tradisie en geskiedenis. 'n Mens beleef as't ware hoe jy teruggeplaas word in die geskiedenis wanneer jy daar rond stap. Die Ou Stad is tussen die 12de en die 14de eeu gebou en is vandag 'n Unesco-wêrelderfenisgebied. Die kolossale stadsmure is indrukwekkend en onder die talle kerke tel die pragtige klein St Tryphon-katedraal. Dis 'n steil stap teen die heuwel uit na die Kasteel van San Giovanni, maar die uitsig daarvandaan is die moeite werd!

Di 24 BOOTVAART

Ons vaar vandag heeldag. Daar is volop vermaak aan boord of 'n mens kan sommer net rustig op die dek ontspan.

Wo 25 SANTORINI (Griekeland)

Vanoggend om **07:00** meer ons vas by die prentjiemooi Griekse eilandgroep **Santorini**. Die halfmaanvormige eilandgroep is die oorblyfsels van 'n ontsaglike vulkaniese uitbarsting wat sowat 3 500 jaar gelede op die destydse enkele eiland plaasgevind het.

Santorini is die suidelikste van die eilande en word as een van Griekeland se mooiste eilande beskou. Die spierwit dorpie teen die vulkaniese hange bied 'n onvergeetlike gesig. Dit is ook een van Griekeland se beroemdste vakansie-oorde. Gedurende die hoogseisoen is daar daaglik sowat 60 000 besoekers! Toerisme is die hoofbron van inkomste – inkopies is egter baie duur.

Baie besoekers stroom na Santorini om die geheimenisse van die verlore stad van Atlantis te probeer ontrafel. Ander kom eenvoudig net om die pragtige uitsig oor die Middellandse See van die bergtoppe af te bewonder. Die poskaartprentjies van blou koepeldakke laat blywende indrukke.

Daar is 'n keuse van opsionele uitstappies wat oa 'n bus- en staptog asook 'n *Mezes* (die proe van plaaslike versnaperinge en wyn) insluit. Die hoofdorp, Fira, is maklik op u eie per kabelspoor (of selfs op die rug van 'n donkie!) bereikbaar. Om **17:00** vaar ons verder.

Do 26 KATAKOLON (Griekeland)

Om **09:00** meer die die boot vas by **Katakolon**, wat aan die suidelikste Polopponese skiereiland van Griekeland lê. Dit is 'n klein vissersdorpie met tipiese tradisionele handwerk. Geniet die atmosfeer van hierdie dorpie of onderneem die interessante opsionele uitstappie na Olimpia, waar die eerste Olimpiese Spele in 776 v.C. gehou is. Dit is h er waar die Olimpiese vlam steeds elke 4 jaar aangesteek en na die nuutste Olimpiese stadions w reldwyd uitgedra word. Hierdie bus-uitstappie neem 'n mens deur van die talle interessante klein dorpie op pad na Olimpia. Die argeologiese opgrawings sowel as die Tempel van Zeus, eens die plek waar sy goue en ivoorstandbeeld (een van die 7 antieke Wonders van die W reld), gepryk het, word besoek. Ons vertrek weer om **17:00**.

Vr 27 BOOTVAART

Ons vaar vandag heeldag en geniet die ontspanne atmosfeer op die boot. Vanaand kan ons vir oulaas winskopies in die boot se winkeltjies uitsnuffel en ook kyk of die foto's wat gedurende die vaart geneem is, iets oplewer wat ons as aandenking huis toe wil neem. Daarna is dit kajuite toe vir inpak en 'n laaste nagrus aan boord.

Sa 28 VENESI 

Nadat ons deurnag gevaar het, meer ons vanoggend om **06:45** in **Venesi ** vas. Ons ontskeep n  ontbyt en re l dat ons bagasie gestoor word. Ons onderneem 'n bootuitstappe na Burano (ingesluit by die toerprys) voordat ons per bus na die lughawe geneem word. Ons moet ongeveer **14:30** op die lughawe wees vir **Vlug AF 1227** wat om **17:25** na **Parys** vertrek en om **19:15** daar land. Ons vertrek om **23:20** met **Vlug AF 990** na Suid-Afrika.

So 29 JOHANNESBURG

Aankoms om **09:55** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** n  'n onvergeetlike vakansie.